Geagte Ouers

Omsendbrief Nommer 19 / 2011

1. Totsiens.

Ons moet afskeid neem van **Mnr Jan de Waal** wat ons ongelukkig verlaat. Ons bedank hom graag vir al sy insette gedurende die jaar en wens hom sterkte toe met sy toekoms.

T. W. Hoffmann

2. Uitstaande Skoolgeld, Naskoolgeld en Kleuterskoolgeld.

Ons doen graag 'n ernstige beroep op u om asb. alle uitstaande skoolgelde, naskoolsentrumgelde en Kleuterskoolgelde te betaal. Alhoewel November en Desember nie heffingsmaande is nie, moet ons nog vele finansiële verpligtinge nakom soos bv. Salarisse, munisipale kostes en 2012 se handleidings vir u kinders, om slegs 'n paar te noem. Ons maak dus staat op u betalings om al ons finansiële verpligtinge na te kom.

Betalings kan tot Dinsdag, 13 Desember 2011 nog direk by die skool gemaak word. Daarna moet die betalings direk in die bankrekening inbetaal word en die bewys aan die skool gefaks word by 011-896-3719 of ge-epos word na algemeen@banies.co.za.

Die bankbesonderhede is as volg:

ABSA BANK	**:**	**Rekeningnommers :**	**Takkode :**
Skool	:	230 750 068	630 342
Naskool	:	230 143 358	630 342
Kleuterskool	:	405 165 9559	630 342

3. Leerlingraad 2012.

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat verkies is tot 2012 se leerlingraad:

Hoofseun: Albert Gooding
Hoofdogter: Jade Seidel
O/Hoofseun: Dian Nelson
O/Hoofdogter: Cassidy Brooks

Jeandre Brand	Stefan Krog	Tiaan Pelser	Anais Strauss
Leila Erasmus	Vicki Lombard	Maryna Pelser	Elaine v d Berg
Carla Genis	Chanelle Loots	Tiaan Pieterse	Amoné v d Linden
Michael Greyling	Kevin Loggenberg	Mikayla Rothmann	Ruan v d Merwe
Christo Griessel	Stefan Marais	Juan Roux	Sumari van Heerden
Yasmine Jacobs	Franco Meyer	Lourens Smith	Cassidy van Zyl
Juan J. V Rensburg	Chanel Momberg	Andrea Schoombee	Grezelle van Zyl
Cheri-lée Knoetze	Monique Miemann	Deniel Steyn	Quinzelle Werner

A Gericke / H Malan

4. Klerebank.

Ons benodig ten minste 2 dames om volgende jaar behulpsaam te wees in die klerebank. Die ty f 07:15 tot 08:00. Elke dame werk slegs 1x per week. Indien u belangstel, kontak Me Tersia v d Heever – ons ook ou skoolklere, veral langbroeke en skoene. er

5. Afrikaanse Redenaars ATKV Temas

Ons gee graag 2012 se temas aan u deur.

Gr 1 – 3: Hande ; Blaf ; Skatte.	2 – 4 min
Gr 4 – 5: Vlieërs ; Hekke ; Resepte	2 – 4 min
Gr 6 – 7: Wurm ; Gom ; Sambok	4 – 5 min

L Loots / J le Roux

6. Sluitkassies ("Lockers")

Sluitkassies word vir een jaar "gehuur" wat die slot en sleutel insluit. ALLE sleutels moet aan die einde van elke jaar teruggegee word. Vrydag, 25 November, is die laaste dag wat die kinders het om die sleutels in te handig. Indien 'n sleutel verlore geraak het, moet die kind R20 betaal om die sleutel te vervang.

7. Naskoolsentrum.

Baie dankie vir u getroue ondersteuning die jaar. Die sentrum sluit op Donderdag, 15 Desember 2011. Alle naskoolsentrum gelde moet voor 25 November 2011 ten volle betaal wees (indien nie, word alle uitstaande rekeninge aan prokureurs oorhandig, ongeag die uitstaande bedrag). Dankie aan die ouers wat gereeld betaal. Inskrywingsvorms vir 2012 sal in Januarie aan leerlinge gegee word. Fooie vir 2012 is R580.00 per maand en is vooruit betaalbaar.
L.W. Die naskoolsentrum heropen weer op 9 Januarie 2012. Geen leerling sal by die sentrum toegelaat word indien daar enige gelde uitstaande is nie, ongeag die bedrag. I. Venter

8. Skool Sluit.

Die skool sluit amptelik vir die leerlinge op **Vrydag 9 Desember**, nadat hulle hul rapporte afgehaal het en heropen op Woensdag 18 Januarie 2012. (**Rapporte kan tussen 08:00 en 09:00 by die voogonderwysers afgehaal word.)**

T.W. Hoffmann

9. Kleredrag en Hare.

Ons vra vriendelik dat die leerlinge vanaf die eerste dag in 2012 die voorgeskrewe kleredrag sal aanhê. **Geen** gekleurde hare of vreemde haarstyle nie asb.! (Die nuutste mode, waar seuns se hare nou weer langer gedra word, veroorsaak dat verskeie seuns nie by die voorgeskrewe reëls hou nie. Wees asb. behulpsaam in die verband en verseker dat u kind se hare binne die reëls is.)

M. Paulsen

10. Atletiek.

Ons herinner die leerlinge daaraan dat ons vanaf die eerste dag volgende jaar begin met atletiekuitdunne vir die Top-Tien-byeenkoms. Bring asb. oefenklere saam.

J.A Venter

11. Registrasie vir 2012.

Daar is nog enkele leerlinge wat nog nie vir 2012 geherregistreer het nie. Let asb daarop dat elke leerling van nuuts af moet herregistreer, volgens departementele beleid. Hierdie leerlinge het dus nog nie "plek" vir volgende jaar nie. Leerlinge wat nog nie geherregistreer het nie, kan nie net aanneem dat hulle maar net kan opdaag volgende jaar nie. Almal wat geherregistreer het, moes reeds 'n skrywe in die verband ontvang het, waarop aangedui is dat hulle aansoek om registrasie goedgekeur is en die ouers moes antwoord dat hulle die toelating bevestig. Registrasiegelde van R750 per kind is nou betaalbaar. T W Hoffmann

Ons wens graag vir almal 'n aangename rustyd toe, sowel as 'n Geseënde Kesfees en 'n voorspoedige nuwe jaar!

Mnr T W Hoffmann
(Hoof)

Pat Hinde Toyota Boksburg **Tel: (011) 914 8700**
190 Atlas Rd, Anderbolt, Boksburg

Lead the way Toyota

Kontak Trevor Weitz vir enige nuwe of gebruikte voertuie asook dienste.